Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Eksamenadministrasie

Verwysing: 20210611-3730
Lêerno.: 13/1/1
Navrae: M Ludick

Eksamenadministrasieminuut: 0009/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Hoofde: GLOO-koördinering en -advies, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaateksamen voorberei

Onderwerp: November 2019 en 2020 se Nasionale Senior Sertifikate: Versending van voltyds – eerste uitgereikte sertifikate en vak sertifikate

1. Ten einde prinsipale te help om die nodige reëlings te tref vir kandidate om die bogenoemde sertifikate af te haal, word die volgende **inligting en datums** verskaf:

1.1 Die eksamensertifikate van kandidate wat die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS)-eksamen in November 2019 geskryf het, is gedurende 2020 versend. Weens die nasionale ramptoestand en COVID-19 beperkings, het die NSS-kandidate van 2019 wat vir die aanvullende NSS- eksamen in Junie 2020 geregistreer het, eers hul eksamen in November 2020 geskryf. Die sertifikate van hierdie kandidate word ook by hierdie versending ingesluit.

1.2 Die volgende sertifikate word vir u aandag ingesluit:
- **NSS-eksamen – November 2019 (aanvullende kandidate)**
- **NSS-eksamen – November 2020**
- **Vak sertifikate vir onsuksesvolle kandidate**

1.3 Geskandeerde lyste met sertifikate wat van UMALUSI ontvang is, word vir kontrolering by hierdie sertifikate ingesluit.

1.4 **Die sertifikate van kandidate wat vir die NSS-eksamen in Junie 2021 ingeskryf het, sal vanaf November 2021 beskikbaar wees. Sommige kandidate wat by sekere sentrums geregistreer is se sertifikate mag dalk ontbreek, maar dit sal later aan hierdie prinsipale gestuur sal word.**

1.5 Kandidate sal 'n SMS ontvang dat hul sertifikate by die skool afgehaal kan word. Prinsipale word ook versoek om 'n volledige rekord te hou van die erkenning van ontvangs van sertifikate deur kandidate. Let ook daarop dat enige persoon wat vir die ontvangs van 'n Nasionale Senior Sertifikaat teken, 'n geldig identiteitsdokument moet toon.

1.6 **Die Wes-Kaap Onderwysdepartement wil dit duidelik maak dat die betrokkenheid van prinsipale by enige daad wat die toekoms van hul kandidate in gedrang mag bring, asook die versuim om al die sertifikate aan hul kandidate beskikbaar te stel, en/of te verseker dat suksesvolle kandidate hul sertifikate ontvang, teenstrydig is met die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996).**

1.7 Kandidate moet gevra word om te kontroleer dat hul volle name en identiteitsnommers korrek op hul sertifikate aangetoon word.

1.8 Enige navrae in hierdie verband kan gerig word aan ExamResults@westerncape.gov.za.

1.9 Die sertifikate behoort vanaf **Donderdag, 01 Julie 2021** by alle skole afgelewer en beskikbaar te wees.

2. Afhaal van sertifikate en onopgeëiste sertifikate

2.1 Alle onopgeëiste sertifikate wat nie ná 'n tydperk van twaalf maande by die onderskeie skole afgehaal is nie, moet aan Hoofkantoor gestuur word vir bewaring indien kandidate die sertifikate op 'n latere stadium benodig.

2.2 Onopgeëiste sertifikate sal vir 'n tydperk van drie jaar by Hoofkantoor op 'n veilige plek bewaar word ingeval die kandidaat dit moontlik wil afhaal. As sertifikate nie binne die driejaartydperk opgeëis word nie, sal dit vernietig word.

2.3 Benewens die bogenoemde, moet die betrokke rolspelers ook voldoen aan die regulasies, beleide en Umalusi-direktiewe met betrekking tot die volgende:

2.3.1 Sertifikate moet te alle tye as uiters waardevol hanteer en veilig gestoor word.

2.3.2 Kandidate moet ingelig word wanneer sertifikate gereed is om afgehaal te word, en die verspreiding daarvan moet noukeurig en onder streng omstandighede plaasvind.

3. COVID-19 protokolle en die afhaal van sertifikate deur kandidate

3.1 Die departement wil skoolbestuurspanne versoek om seker te maak dat COVID-19 protokolle gevolg word wanneer kandidate sertifikate by die skool afhaal.

3.2 Verseker dat u skool voldoen aan al die gesondheids- en veiligheidsprotokolle wat in die *WCED Guidelines for COVID-19* op 15 Mei 2020 uitgereik is, veral die dra van maskers en die handhawing van sosiale afstand.

3.3 Enige navrae oor die eksamensertifikate van die NSS in 2019/2020 kan gerig word aan mnr. W Gordon by tel. 021 467 2961 of stuur 'n e-pos aan Werner.Gordon@westerncape.gov.za.

4. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12-leerders van 2019/2020, asook hul ouers en opvoeders.

5. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-06-15